HOËRSKOOL GRENSWAG

“Ons gee om” – “We care”

1 GRENSWAG SE VISIE

Hoërskool Grenswag streef daarna om waardegedrewe, gebalanseerde en kwaliteit opvoeding aan leerders te bied en hulle as verantwoordelike en trotse landsburgers voor te berei.

2 DIE MISSIE WAT HOËRSKOOL GRENSWAG RIG:

- **Integriteit**
- **Respek**
- **Lojaliteit**
- **Selfwaarde**

Hierdie waardes moet op die skoolterrein, in die klas, op die sportveld, die kultuurakker en binne ons gemeenskap beskerm en gekweek word en deur opvoeders voortgeleef word.

Ten einde gebalanseerde opvoeding aan leerders te bied, sal akademie die hooffokus dra. Daarnaas sal ewe veel ontwikkeling en prestasiegeleenthede in kultuur en sport aangebied word. Geestelike, fisiese en emosionele versorging sal beskikbaar wees vir leerders en opvoeders.

Die skool se opvoeders sal professioneel optree en aantrek, voorbereid klas toe kom, kwaliteit lesse, projekte, toetse en vraestelle aanbied en hul buitemuurse en administratiewe verpligtinge stiptelik en met toewyding afhandel. Hulle sal buitemuurse aktiwiteite gebruik vir die holistiese ontwikkeling van die kind. Waardes en lewensvaardighede sal daar gekweek word.

Daar sal van leerders verwag word om verantwoordelikheid te neem vir hulle akademiese werk terwyl selfdissipline aangemoedig sal word. Leerders sal deur buitemuurse aktiwiteite holisties opgevoed word in die deugde soos spanwerk, deursettingsvermoë, mededeelsaamheid, sportiewe gedrag en die kuns van wen en verloor.
‘n Christelike etos en Bybelse waardes sal gehandhaaf word. Die waardes van die grondwet sal beskerm word en in die gedragskode vervat word. Dit sal berus op die grondbeginsel en lewensreël dat die individu verantwoordellkheid vir sy eie gedrag aanvaar en dat sy vryheid en regte gepaard gaan met verantwoordelikhede en die inagneming van ander se regte. Sodoende wil ons verantwoordelike landsburgers kweek.

“ONS GEE OM” – “WE CARE” – IS ONS FILOSOFIE